

# buildmax
**materials·equipment·services**

Buildmax Beperk ("Buildmax" of "die groep") (Registrasienommer 1995/012209/06) Aandelekode BDM ISIN-kode ZAE000011250

**Inkomste** uit voortgesette bedrywighede ↑ **4,7%**

**Bedryfsverlies** gedurende tweede 6 maande ↓ **51%**

**Bruto skuld** daal met ↓ **56%**

**Wesensverlies per aandeel** verbeter met **25,4%**

# Geouditeerde gekonsolideerde finansiële resultate

## vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011









## Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

| | **Voortgesette bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | **Beëindigde bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | **Totale bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | Voortgesette bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 | Beëindigde bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 | Totale bedrywighede jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 299 545** | **69 669** | **1 369 214** | 1 240 906 | 564 678 | 1 805 584 |
| Bedryfswins voor waardevermindering en amortisasie ("WVRBWA") | **117 023** | **15 678** | **132 701** | 215 063 | 12 477 | 227 540 |
| Waardevermindering | **(181 488)** | **(25 207)** | **(206 695)** | (131 320) | (44 770) | (176 090) |
| Bedryfs(verlies)/wins voor amortisasie | **(64 465)** | **(9 529)** | **(73 994)** | 83 743 | (32 293) | 51 450 |
| Amortisasie van ontasbare bates | **(11 298)** | **–** | **(11 298)** | (21 758) | – | (21 758) |
| Bedryfs(verlies)/wins | **(75 763)** | **(9 529)** | **(85 292)** | 61 985 | (32 293) | 29 692 |
| Verlies met verkoop van besigheid | **–** | **–** | **–** | (2 467) | – | (2 467) |
| Waardedalings | **(274 407)** | **(21 313)** | **(295 720)** | (805 613) | (263 553) | (1 069 166) |
| Verlies voor rente en belasting ("VVRB") | **(350 170)** | **(30 842)** | **(381 012)** | (746 095) | (295 846) | (1 041 941) |
| Netto rente betaal | **(27 369)** | **(7 594)** | **(34 963)** | (64 857) | (21 569) | (86 426) |
| Verlies voor belasting ("VVB") | **(377 539)** | **(38 436)** | **(415 975)** | (810 952) | (317 415) | (1 128 367) |
| Belasting | **44 244** | **–** | **42 244** | 62 803 | 54 715 | 117 518 |
| Verlies vir die jaar | **(333 295)** | **(38 436)** | **(371 731)** | (748 149) | (262 700) | (1 010 849) |
| Ongerealiseerde wins vanweë verandering in billike waarde van kontantvloeiverskansing | | | **2 620** | | | 1 711 |
| Belasting | | | **(733)** | | | (479) |
| Totale omvattende verlies | | | **(369 844)** | | | (1 009 617) |
| **Verlies vir die jaar toeskryfbaar aan:** | | | | | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | | | **(364 403)** | | | (1 007 245) |
| Minderheidsbelange | | | **(7 328)** | | | (3 604) |
| | | | **(371 731)** | | | (1 010 849) |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar toeskryfbaar aan:** | | | | | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | | | **(362 516)** | | | (1 006 013) |
| Minderheidsbelange | | | **(7 328)** | | | (3 604) |
| | | | **(369 844)** | | | (1 009 617) |

## Rekonsiliasie van wesensverdienste

| | Voorgesette en beëindigde bedrywighede | | Voorgesette bedrywighede | |
|---|---|---|---|---|
| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | Jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 | **Jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | Jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 |
| Verlies vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **(364 403)** | **(1 007 245)** | (325 967) | (744 545) |
| Aangepas vir: | | | | |
| Verlies met verkoop van besigheid | **–** | **2 467** | – | 2 467 |
| Herwaardasie van bates gehou vir verkoop | **2 487** | **–** | 2 487 | – |
| (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **(9 227)** | **4 465** | (7 948) | 2 805 |
| – Bruto | **(12 815)** | **6 202** | (11 039) | 3 897 |
| – Belasting | **3 588** | **(1 737)** | 3 091 | (1 092) |
| Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting | **35 232** | 303 752 | **13 919** | 201 837 |
| – Bruto | **39 873** | 421 878 | **18 560** | 280 329 |
| – Belasting | **(4 641)** | (118 126) | **(4 641)** | (78 492) |
| Waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **223 893** | 635 459 | **223 893** | 513 455 |
| – Bruto | **255 847** | 647 288 | **255 847** | 525 284 |
| – Belasting | **(25 791)** | (7 716) | **(25 791)** | (7 716) |
| – Minderheidsbelange | **(6 163)** | (4 113) | **(6 163)** | (4 113) |
| Wesensverlies toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **(112 018)** | (61 102) | **(93 616)** | (23 981) |

## Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

| | **Aandele-kapitaal en -premie R'000** | **Kontantvloei-verskansings reserwe R'000** | **Opgehoopte verlies R'000** | **Minderheids-Aandeel-houersbelang R'000** | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|---|
| Saldo's soos op 28 Februarie 2009 | 1 732 382 | (5 572) | (91 653) | 3 604 | **1 638 761** |
| Totale omvattende inkomste/(verlies) | – | 1 232 | (1 007 245) | (3 604) | **(1 009 617)** |
| Saldo's soos op 28 Februarie 2010 | 1 732 382 | (4 340) | (1 098 898) | – | **629 144** |
| Aandele uitgereik | 290 824 | – | – | – | **290 824** |
| Totale omvattende inkomste/(verlies) | – | 1 887 | (364 403) | (7 328) | **(369 844)** |
| **Saldo's soos op 28 Februarie 2011** | **2 023 206** | **(2 453)** | **(1 463 301)** | **(7 328)** | **550 124** |

## Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei

| | **Jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | Jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **Bedryfsaktiwiteite** | | |
| Verlies voor belasting ("VVB") | **(415 975)** | (1 128 367) |
| Nie-kontantvloei-items en veranderinge in bedryfskapitaal | **509 048** | 1 426 597 |
| Netto rente betaal | **34 963** | 86 426 |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | **128 036** | 384 656 |
| Netto rente betaal in kontant | **(34 218)** | (86 985) |
| Belasting betaal | **(3 312)** | (29 388) |
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | **90 506** | 268 283 |
| **Beleggingsaktiwiteite** | | |
| Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting | | |
| – Uitbreiding van bedrywighede | **(5 402)** | (151 215) |
| – Instandhouding van bedrywighede | **(84 548)** | (45 774) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **92 199** | 15 201 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite | **2 249** | (181 788) |
| **Finansieringsaktiwiteite** | | |
| Netto opbrengs met uitreik van aandele | **290 824** | – |
| Rentedraende laste aangegaan | **89 186** | 85 245 |
| Rentedraende laste terugbetaal | **(459 772)** | (353 889) |
| Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(79 762)** | (268 644) |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | **12 993** | (182 149) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **104 775** | 286 924 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **117 768** | 104 775 |

## Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

| | **Geouditeer 28 Februarie 2011 R'000** | Nagesien 31 Augustus 2010 R'000 | Geouditeer 28 Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **613 915** | 708 764 | 901 997 |
| Klandisiewaarde | **27 111** | 27 111 | 190 848 |
| Ander ontasbare bates | **71 393** | 74 348 | 174 801 |
| Uitgestelde belasting | **12 124** | 14 596 | 20 087 |
| | **724 543** | 824 819 | 1 287 733 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | **44 832** | 52 225 | 72 049 |
| Handels- en ander debiteure | **155 001** | 170 646 | 269 284 |
| Belasting ontvangbaar | **4 425** | 5 573 | 5 502 |
| Bank en kontantsaldo's | **127 029** | 33 727 | 136 447 |
| | **331 287** | 262 171 | 483 282 |
| Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop | **53 543** | 45 067 | – |
| Totale bates | **1 109 373** | 1 132 057 | 1 771 015 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **2 023 206** | 1 732 382 | 1 732 382 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | **(2 453)** | (3 925) | (4 340) |
| Opgehoopte verlies | **(1 463 301)** | (1 427 464) | (1 098 898) |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy | **557 452** | 300 993 | 629 144 |
| Minderheidsaandeelhouersbelange | **(7 328)** | (7 150) | – |
| Totale aandeelhouersbelange | **550 124** | 293 843 | 629 144 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende laste | **101 886** | 204 110 | 315 037 |
| Afgeleide instrumente | **290** | 1 326 | 1 940 |
| Voorsienings | **4 751** | 3 956 | 3 956 |
| Uitgestelde belasting | **28 948** | 39 064 | 85 487 |
| | **135 875** | 248 456 | 406 420 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende laste | **174 764** | 262 573 | 307 522 |
| Afgeleide instrumente | **3 118** | 4 126 | 4 088 |
| Verkopersaanspreeklikhede | **–** | 43 500 | 47 000 |
| Handels- en ander krediteure | **190 580** | 240 559 | 325 254 |
| Voorsienings | **25 471** | 17 710 | 19 571 |
| Belasting betaalbaar | **883** | 2 745 | 344 |
| Bankoortrekkings | **9 261** | 18 545 | 31 672 |
| | **404 077** | 589 758 | 735 451 |
| Aanspreeklikhede regstreeks geassosieer met bates geklassifiseer as gehou vir verkoop | **19 297** | – | – |
| Totale ekwiteit en laste | **1 109 373** | 1 132 057 | 1 771 015 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **16,2** | 28,9 | 60,5 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **13,9** | 21,2 | 30,0 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent)* | **16,2** | 8,7 | 18,3 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)* | **13,9** | 6,4 | 9,1 |

**Gebaseer op aandele uitgereik op 28 Februarie 2011*

## Aanvullende inligting

| | **Geouditeer jaar geëindig 28 Februarie 2011** | Aangepas vir regte-uitgifte jaar geëindig 28 Februarie 2010 | Oorspronklik gerapporteer jaar geëindig 28 Februarie 2010 |
|---|---|---|---|
| Wesensverlies per aandeel (sent) | | | |
| – Voortgesette en beëindigde bedrywighede | **(4,4)** | (2,8) | (5,9) |
| – Voortgesette bedrywighede | **(3,7)** | (1,1) | (2,3) |
| – Beëindigde bedrywighede | **(0,7)** | (1,7) | (3,6) |
| Basiese verlies per aandeel (sent) | | | |
| – Voortgesette en beëindigde bedrywighede | **(14,3)** | (46,1) | (96,8) |
| – Voortgesette bedrywighede | **(12,8)** | (34,1) | (71,5) |
| – Beëindigde bedrywighede | **(1,5)** | (12,0) | (25,3) |
| Uitgereikte aandele ('000) | | | |
| – aan die einde van die jaar | **3 444 716** | 3 444 716 | 1 040 700 |
| – geweeg | **2 546 426** | 2 183 655 | 1 040 700 |

### INLEIDING

Die direksie bied die verkorte geouditeerde gekonsolideerde resultate vir die Buildmax Groep vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 ('die tydperk') aan.

Die Groep bly ten volle verbind tot die daarstelling van beseringsvrye bedrywighede en fokus voortdurend op die verbetering van Veiligheid, Gesondheid, Omgewing, Gemeenskap en Kwaliteit ('SHECQ') in alle werkomgewings om sodoende beserings in Mynboudienste en ander bedrywighede te voorkom. Diesel Power Open Cast Mining (Pty) Limited ('Diesel Power'), 'n entiteit in die Mynboudienste-besigheidseenheid het, in Januarie 2011, drie miljoen beseringvrye produksie-ure oor 'n tydperk van 18 maande gerapporteer. Die verloretydbeseringsvoorkomskoers in die Mynboudienste-besigheidseenheid was 0,05 (bereken as volg (totale beserings x 200 000)/totale aantal manure gewerk) wat 'n uitstaande prestasie is wanneer dit gemeet word teenoor vasgestelde bedryfsnorme. Die bogenoemde verloretydbeseringsvoorkomskoers van 0.5 verteenwoordig twee gerapporteerde insidente vir die jaar onder oorsig.

Die besigheidsomgewing vir die tydperk onder oorsig het uitdagend gebly. Die Groep se resultate weerspieël steeds die impak van die globale resessie op die sektore waarin Buildmax sake bedryf en spesifiek die negatiewe domino-effek op die waarde van tweedehandse mynbou toerusting wêreldwyd asook die effek van abnormale reënval tydens die laaste vier maande van die finansiële jaar, in die gebiede waar die Groep bedrywig is.

Buildmax het gedurende die finansiële jaar voortgegaan met verskeie herstruktureringsinisiatiewe in sy Mynboudienste-besigheidseenheid en die eenheid geposisioneer vir 'n uitbreiding- en diversifiseringstrategie in minder kapitaalintensiewe gebiede van die mynboudiensteverskaffingsketting. Die strategie is gebasseer op die krag van die Diesel Power-handelsmerk en die mededingende voordeel wat SHECQ-uitnemendheid ons bied.

Die Groep het R300,5 miljoen deur 'n regte-uitgifte verkry waarvan die netto opbrengs R290,8 miljoen was. Die opbrengs is gebruik om die Groep se staat van finansiële posisie te versterk, rentedraende korttermynskuld te verminder, ekwiteit te verskaf vir mediumtermyn kapitaaluitgawes vir die Mynboudienste-besigheidseenheid en bykomende bedryfskapitaal vir die Groep te voorsien.

As gevolg van die wesenlik verbeterde finansiële posisie, was Diesel Power in staat om 'n bategebaseerde befondsingspakket van R130 miljoen van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk ('NOK') te verseker. Hierdie fasiliteit sal gebruik word om bestaande mynboutoerusting te vervang en Diesel Power se produksievermoë te verbeter.

Ten einde strategiese eenstemmigheid te bereik, winsgewendheid en kontantvloei te verbeter, het die bestuur die prestasie en finansiële vooruitskattings van alle bedryfsentiteite ontleed. Na aanleiding van hierdie oorsigte het die Buildmax-direksie die verkoop van Watertite goedgekeur en gevolglik is die bates en laste van die filiaal geklassifiseer as gehou vir verkoop.

### FINANSIËLE OORSIG

Die Groep se vernaamste besigheid – oopgroefmynboudienste – bly, saam met ander faktore, hoogs afhanklik van die gereelde vervanging van mynbou toerusting, beskikbaarheid van finansiering en billike pryse vir tweedehandse mynbou toerusting. Die lae vlakke van aktiwiteit in wereldmarkte na die ekonomiese afswaai het gelei tot 'n surplus van tweedehandse toerusting en voertuie, wat verkooppryse met soveel as 50% verminder het. Alhoewel die vraag na tweedehandse mynbou toerusting en voertuie gedurende die tweede helfte van die jaar verbeter het, het beskikbaarheid van finansiering vir potensiële kopers beperk gebly.

In die lig hiervan en tesame met die strenger kredietklimaat, is Buildmax gedwing om voort te gaan met die verlenging van die nuttige lewensduur van bates buite die ideale vervangingsiklus. Gevolglik is produksie negatief beïnvloed en het instandhoudingskoste gestyg, wat 'n demper op groei geplaas het.

Waar moontlik het die Groep voortgegaan om toerusting te verkoop wanneer die regte geleenthede opgeduik het. Vir hierdie doel is 'n nuwe besigheidseenheid, Toerusting verkoop en verhuur, gevorm. Die nuwe besigheidseenheid sal op die verbetering van die Groep se tweedehandse handelsmerkekwiteit fokus en die doeltreffendheid van bateverkope in die verskillende ondernemings verhoog.

Gebaseer op die voortgesette swak vooruitsigte vir die nywerhede waarin die Groep bedrywig is, het die bestuur weer 'n kritiese oorsig van die waarde van die Mynboudienstevloot uitgevoer en getoets vir waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates. Na aanleiding van die oorsig is die waarde van hierdie bates met R295,7 miljoen verminder.

### FINANSIËLE PRESTASIE

***Voortgesette bedrywighede***

Inkomste uit voortgesette bedrywighede het met 4,7% tot R1,30 miljard (Februarie 2010: R1,24 miljard) gestyg. WVRBWA het met 45,6% tot R117,0 miljoen (Februarie 2010: R215,1 miljoen) gedaal as gevolg van addisionele kostes wat geassosieer is met:

## Verkorte segmentontleding

| | Nagesien 6 maande geëindig 31 Augustus 2010 R'000 | **Ongeouditeer 6 maande geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | **Geouditeer jaar geëindig 28 Februarie 2011 R'000** | Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2009 R'000 | Ongeouditeer 6 maande geëindig 28 Februarie 2010 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 28 Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **EKSTERNE INKOMSTE** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | 659 754 | **639 791** | **1 299 545** | 632 678 | 608 228 | 1 240 906 |
| Mynboudienste | 418 520 | **406 491** | **825 011** | 403 364 | 413 197 | 816 561 |
| Toerusting verkoop en verhuur | 40 117 | **44 631** | **84 748** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | 201 117 | **188 669** | **389 786** | 229 314 | 195 031 | 424 345 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | 69 669 | **–** | **69 669** | 324 640 | 240 038 | 564 678 |
| | 729 423 | **639 791** | **1 369 214** | 957 318 | 848 266 | 1 805 584 |
| **INTERNE BESIGHEID SEGMENT INKOMSTE** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | 2 085 | **19 530** | **21 615** | 2 773 | 2 877 | 5 650 |
| Mynboudienste | – | **1 079** | **1 079** | 281 | – | 281 |
| Toerusting verkoop en verhuur | 1 348 | **18 231** | **19 579** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | 737 | **220** | **957** | 2 492 | 2 877 | 5 369 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | – | **–** | **–** | 1 724 | 1 419 | 3 143 |
| | 2 085 | **19 530** | **21 615** | 4 497 | 4 296 | 8 793 |
| **WVRBWA** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | 45 822 | **71 201** | **117 023** | 143 432 | 71 631 | 215 063 |
| Mynboudienste | 40 282 | **30 960** | **71 242** | 114 134 | 68 277 | 182 411 |
| Toerusting verkoop en verhuur | – | **36 068** | **36 068** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | 5 540 | **4 173** | **9 713** | 29 298 | 3 354 | 32 652 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | 15 678 | **–** | **15 678** | 43 451 | (30 974) | 12 477 |
| | 61 500 | **71 201** | **132 701** | 186 883 | 40 657 | 227 540 |
| **Bedryfs(verlies)/wins voor amortisasie** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | (40 158) | **(24 307)** | **(64 465)** | 79 517 | 4 226 | 83 743 |
| Mynboudienste | (33 950) | **(30 142)** | **(64 092)** | 59 380 | 10 649 | 70 029 |
| Toerusting verkoop en verhuur | – | **13 595** | **13 595** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | (6 208) | **(7 760)** | **(13 968)** | 20 137 | (6 423) | 13 714 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | (9 529) | **–** | **(9 529)** | 22 403 | (54 696) | (32 293) |
| | (49 687) | **(24 307)** | **(73 994)** | 101 920 | (50 470) | 51 450 |
| **Waardedalingsverliese** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | 272 422 | **1 985** | **274 407** | – | 805 613 | 805 613 |
| Mynboudienste | 140 522 | **–** | **140 522** | – | 341 719 | 341 719 |
| Toerusting verkoop en verhuur | – | **–** | **–** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | 131 900 | **1 985** | **133 885** | – | 463 894 | 463 894 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | 21 313 | **–** | **21 313** | – | 263 553 | 263 553 |
| | 293 735 | **1 985** | **295 720** | – | 1 069 166 | 1 069 166 |
| **Verlies voor rente en belasting ("VVRB")** | | | | | | |
| **Voortgesette bedrywighede** | (320 924) | **(29 246)** | **(350 170)** | 66 413 | (812 508) | (746 095) |
| Mynboudienste | (179 021) | **(30 143)** | **(209 164)** | 52 529 | (337 921) | (285 392) |
| Toerusting verkoop en verhuur | – | **13 595** | **13 595** | – | – | – |
| Konstruksiemateriale | (141 903) | **(12 698)** | **(154 601)** | 13 884 | (474 587) | (460 703) |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | | | | |
| Mynboudienste | (30 842) | **–** | **(30 842)** | 22 403 | (318 249) | (295 846) |
| | (351 766) | **(29 246)** | **(381 012)** | 88 816 | (1 130 757) | (1 041 941) |

- Die voortgesette verswakking van winsmarges in die konstruksiebedryf;
- Oormatige reënval gedurende die laaste vier maande van die finansiële jaar;
- Die voortgesette afname in die waarde van tweedehandse mynbou toerusting en die tekort aan bankfinansiering vir nuwe toerusting;
- Die voortdurende gebruik van subkontrakteurs en die inhuur van mynbou toerusting teen verhoogde tariewe; en
- Verhoogde onderhoudkoste en verlaagde produktiwiteit in die Mynboudienste-besigheidseenheid wat die ekonomiese lewensduur van sy mynbou toerusting verleng het.

Die verlies voor belasting het verbeter vanaf R810,9 miljoen tot R377,5 miljoen wat nie-kontantwaardedalingsverliese van R274,4 miljoen insluit.

Aandeelhouersfondse het tot R550,1 miljoen (Februarie 2010: R629,1 miljoen) gedaal. Die netto batewaarde per aandeel (gegrond op die getal aandele uitgereik aan die einde van die huidige finansiële jaar, na die regte-uitgif) het vanaf 18,3 sent tot 16,2 sent verminder en netto tasbare batewaarde per aandeel het vanaf 9,1 sent tot 13,9 sent gestyg.

Die basiese verlies per aandeel het 12,8 sent bedra, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk se verlies van 71,5 sent.

***Beëindigde bedrywighede***

Soos aangedui, met die publikasie van die vorige jaar se resultate, is die mynbou-bedrywighede van Vukuza geklassifiseer as beëindigde bedrywighede. Inkomste uit hierdie bedrywighede het R69,7 miljoen beloop, met WVRBWA van R15,7 miljoen en 'n bedryfsverlies van R9,5 miljoen. Na die oorsig (soos hierbo uiteengesit), is die drawaarde van die vloot met R21,3 miljoen verminder. Insluitend die impak van die waardedaling op eiendom, aanleg en toerusting, het beëindigde bedrywighede 'n verlies voor rente en belasting van R30,8 miljoen gerapporteer.

### WESENSVERLIES PER AANDEEL ('WVPA')

Die Groep het 'n 'WVPA' in voortgesette en beëindigde bedrywighede van 4,4 sent aangeteken, vergeleke met 'n verlies van 5,9 sent vir die vergelykende tydperk. Die Groep het nie enige potensiële verwaterende sekuriteite vir die jaar onder oorsig (Februarie 2010: Nul) uitgereik nie.

### SKULD EN KONTANT

Die Groep se bruto skuld van R289,3 miljoen aan die einde van die jaar was aansienlik laer as die R660,3 miljoen vir die vergelykende tydperk. Skulddelging gedurende die tydperk het R459,8 miljoen bedra en is uit interne kontantbronne (R328,7 miljoen), opbrengs uit die verkoop van mynboutoerusting en voertuie (R32,6 miljoen) en uit die opbrengs van die regte-uitgifte befonds.

Netto kontant het met R13,0 miljoen toegeneem en R128,0 miljoen is gegenereer deur die Groep se bedrywighede.

Sekere van die Groep se skuldfasiliteite is onderworpe aan leningsverbonde ingevolge waarvan van 'n aantal filiale vereis word om voorafbepaalde prestasie-aanwysers na te kom. Soos uiteengesit in die 2010 finansiële jaarstate het bestuur begin met die heronderhandeling van hierdie ooreenkomste met die Groep se bankiers. Na die suksesvolle implementering van die regte-uitgif is ooreengekom op hersiene, minder beperkende leningsverbonde. Daar word verwag dat formele ooreenkomste voor die einde van die eerste kwartaal van die 2012 finansiële jaar onderteken sal word. Teen jaareinde het die Groep alle leningsverbonde nagekom.

### KAPITAALBESTEDING

Soos voorheen aangedui, bly die beperkte beskikbaarheid van finansiering vir nuwe en gebruikte toerusting 'n hindernis vir die toerustingvervangingsiklus. Dit het gelei tot aansienlik laer kapitaalbesteding in die tydperk. Bruto kapitaalbesteding het R89,9 miljoen beloop, 54,3% laer as in die vorige jaar. Netto kapitaalbesteding ná die verkoop van toerusting het gelei tot kontantinvloei van R2,2 miljoen.

Die Groep het 'n finansieringspakket van R130 miljoen van die NOK beding. Geen onttrekkings is teen hierdie fasiliteit teen die einde van die 2011 finansiële jaar gemaak nie. Die Groep sal die fasiliteit gebruik vir die vervanging van mynbou toerusting wat 'n positiewe impak op produktiwiteit in die Mynboudienste-besigheidseenheid sal hê.

### REGTE-UITGIF

Die Groep het R300,5 miljoen suksesvol verkry deur 'n ten volle onderskryfde regte-uitgif aan kwalifiserende aandeelhouers. Die regte-uitgif is op 15 November 2010 afgehandel. Aandeelhouers word in hierdie verband verwys na die SENS-aankondiging gedateer 16 November 2010.

### BEDRYFSOORSIG

***Groep***

Soos aangedui met die publikasie van die Groep se tussentydse resultate is 'n bedryfsverlies voor amortisasie en waardedalings vir die volle jaar verwag. Die omdraai-strategie geïmplementeer gedurende die tweede helfte van die vorige finansiële jaar het die gewenste resultate begin lewer. Soos aangedui in die segmentontleding het die Groep 'n beduidende vermindering in bedryfverliese gedurende die tweede helfte van die 2011 finansiële jaar gerapporteer. Die bedryfsverlies van

R24,3 miljoen vir die tweede helfte van 2011 was 'n verbetering van meer as 50% teenoor die tweede ses maande van die 2010 finansiële jaar en die eerste ses maande van die huidige jaar. Ingesluit in die resultate vir die laaste ses maande was 'n Beswarendekontrakvoorsiening van R15 miljoen in Diesel Power, 'n onderneming in die Mynboudienstebesigheid.

### *Voortgesette bedrywighede*

*Mynboudienste*

Inkomste het met 1,0% tot R825,0 miljoen (Februarie 2010: R816,6 miljoen) toegeneem. WVRBWA het met 60,9% tot R71,2 miljoen (Februarie 2010: R182,4 miljoen) verminder. Die besigheidseenheid het 'n verlies voor rente en belasting van R209,2 miljoen gely, insluitend waardedaling van R140,5 miljoen op klandisiewaarde, ontasbare bates en toerusting.

Bruto kapitaalbesteding vir die tydperk van R69,1 miljoen was 26,6% laer as die vergelykbare tydperk se kapitaalbesteding van R94,2 miljoen. Die bestuur sal die Groep slegs verbind tot kapitaalbesteding as nuwe projekte die vereiste finansiële opbrengste lewer.

Die nuwe Toerusting verkoop en verhuur-besigheidseenheid het inkomste van R84,7 miljoen gelewer.

*Konstruksiemateriale*

Inkomste vir hierdie besigheidseenheid was R389,8 miljoen, 'n afname van 8,1% van die R424,3 miljoen vir die vergelykende tydperk. Marges was onder druk as gevolg van verhoogde insetkoste, wat die divisie nie in staat was om van kliënte te verhaal nie. WVRBWA het tot R9,7 miljoen (Februarie 2010: R32,7 miljoen) gedaal. Die besigheidseenheid het 'n verlies voor rente en belasting van R154,6 miljoen gerapporteer. Hierdie verlies sluit waardedalings van R133,9 miljoen op klandisiewaarde en ontasbare bates in.

Bruto kapitaalbesteding vir die tydperk was R10,3 miljoen, 68,4% laer as kapitaalbesteding vir die vergelykende tydperk. Kapitaalbesteding was gefinansier deur interne kontanthulpbronne.Geen beduidende kapitaalbesteding word in die korttermyn vir hierdie besigheidseenheid in die vooruitsig gestel nie.

## VOORUITSIGTE

### *Mynboudienste*

Steenkool bly een van die goedkoopste bronne van energie in die wêreld. Die oorvloedige reserwes in vergelyking met ander fossielbrandstowwe beteken dat dit waarskynlik die primêre bron van energie vir die afsienbare toekoms sal bly.

Terwyl Eskom sy geprojekteerde vraag na steenkool oor die medium termyn ingekort het en sy voorneme om alternatiewe energiebronne beskikbaar te stel, aangekondig het, behoort die voortgesette uitrol van steenkoolaangedrewe kragstasies tesame met internasionale vraag, veral uit China en Indië, volgehoue groei in hierdie sektor vir die afsienbare toekoms te verseker.

Bykomende uitvoerkapasiteit is by Richardsbaai, Durban en Maputo beskikbaar gestel. Steenkooluitvoer vanaf Richardsbaai vir die finansiële jaar onder oorsig was matig hoër as die uitvoer vir die vergelykende tydperk. Hierbenewens het Transnet aangekondig dat hy van voornemens is om die kapasiteit van sy spoornetwerk te verbeter. Dit behoort 'n paar bottelnekke wat tans deur steenkooluitvoerders ervaar word te verlig.

Die Buildmax Groep het betekenisvolle kontraktuele verhoudings met die grootste mynbougroepe in die land. Mynboudienste is goed geposisioneer om uit te brei in steenkoolverskaffingskettingaktiwiteite wat minder kapitaalintensief sal wees. Bestuur is tans besig met die formulering van hierdie strategie. Die direkteure is optimisties dat hierdie mark winsgewende geleenthede vir die Mynboudienste-besigheidseenheid sal verskaf.

### *Konstruksiemateriale*

Die vooruitsigte vir die konstruksiebedryf is afhanklik van besteding deur die regering en private sektor. Die gebrek aan  finansiering belemmer steeds openbaresektor projekte. Hoë vlakke van skuld, oortollige voorraad en 'n gebrek aan finansiering het ook steeds 'n negatiewe uitwerking op die private sektor. Die tydsberekening van die herstel in die konstruksiemark is uiters moeilik om te voorspel, en geen noemenswaardige verbetering word verwag gedurende die 2012 finansiële jaar nie. Die ondernemings in die Konstruksiemateriale-eenheid is egter goed geposisioneer om voordeel te trek uit verbeterde handelstoestande wanneer dit voorkom.

### *Groep*

Die herstrukturering van die Mynboudienste-besigheidseenheid is afgehandel en die bedryfsprestasie het verbeter. Inisiatiewe soos die aanstelling van nuwe bestuur, verbeterde instandhoudings programme, verhoodge tariewe en die algemene ommeswaai van die besigheid het 'n postiewe impak op die groep se resultate gehad in die tweede ses maande van 2011. Die opbrengs van die regte-uitgifte en die herstrukturering van Mynboudienste het gelei tot 'n verbetering in Buildmax se finansiële posisie.

## TRANSFORMASIE

Bemagtigingsaandeelhouding in die Groep het aansienlik verminder vanaf 17% aan die einde van die vorige finansiële jaar tot 6,75%, na die finalisering van die regte-uitgifte.

Die Transformasiekomitee het 'n drie tot vier jaar-plan geformuleer om die Groep se gradering van 'n Vlak 6 te verbeter tot 'n Vlak 4-bydraer.

## VEILIGHEID, GESONDHEID, OMGEWING, GEMEENSSKAP EN KWALITEIT (SHECQ)

Buildmax streef voortdurend daarna om 'n veilige werksomgewing vir alle werknemers, subkontrakteurs en belanghebbendes te verskaf. Om SHECQ standaarde voortdurend te verbeter is die Buildmax SHECQ Management System suksesvol geïmplementeer en onderhou. Volgehoue verbintenis tot die groep se waarde stelsels en voldoening aan kliente se vereistes het ons gedryf om die beste praktyke in SHECQ na te streef.

Die Buildmax SHECQ Management System is geoudit en gesertifiseer deur die SABS en voldoen aan twee SABS-standaarde, naamlik ISO 9001: 2008 (Kwaliteitbestuur) en die OHSAS 18001:2007 (Beroepsgesondheid en Veiligheid) met geen uitsluitings nie. In 'n studie uitgevoer deur UNISA is bevind dat die SHECQ Management System voldoen aan industrie standaarde in terme van interne en eksterne kommunikasieprosesse.

Buildmax is verbind om "Efficient Zero-Harm Production" 'n werklikheid te maak en dit is moontlik deur die gekombineerde verbintenis van elke lid van ons span en ander belanghebbendes.

## PERSONEELTAL

Aan die einde van Februarie het die Groep 2 405 mense in diens gehad wat minder is as die 3 450 teen die 2010-jaareinde.

## DIREKSIE EN BESTUUR

Gedurende die jaar, en in lyn met die vereistes van King III, Is Colin Wood aangestel as Onafhanklike Nie-uitvoerende Voorsitter van die direksie en Terry Bantock het die posisie van Hoof Uitvoerende Beampte ("HUB") aanvaar, beide met ingang van 23 September 2010. Na mnr Wood se nuwe aanstelling het hy uit sy posisie as Voorsitter van die Vergoedingskomitee bedank. Onafhanklike Nie-Uitvoerende Direkteur Colin Brayshaw is aangestel as Voorsitter van die Vergoedingskomitee.

Die volgende direksie lede het gedurende die periode onder oorsig bedank

| | |
|---|---|
| Herman Fourie | 2 Augustus 2010 |
| Paul de Klerk | 2 Augustus 2010 |
| Mark Matisonn | 24 November 2010 |
| Raymond Munitz | 24 November 2010 |
| Anil Maharaj | 16 Mei 2011 |

Malcolm McCulloch is op 12 Januarie 2011 en Greame Montgomery is met ingang 1 Junie 2011 as Nie-uitvoerende Direkteure aangestel.

Die Groep se Uitvoerende committee is soos volg saamgestel:

- Terry Bantock (HUB);
- Christie Els (Hoof Finansiele Beampte);
- Paul de Klerk (Bestuurende Direkteur: Kleinhandelsfdeling);
- Herman Fourie (Uitvoerende Direkteur: Kommersieel en Finansies van Mynboudienste)
- Thandeka Mgoduso (Groep Menslike Hulpbronne en Strategiese Transformasie Direkteur);
- Warren Phillips (Bestuurende Direkteur: Vervaardiging ondernemings).
- Kobus van Biljon (HUB Mynboudienste);

## FINALE DIVIDEND

Geen dividend is verklaar nie. Dit is die Groep se beleid om die verklaring van 'n dividend jaarliks te oorweeg.

## WAARDERING

Ons glo ons het 'n uitstaande en toegewyde bestuurspan wat met groot entoesiasme en vasberadenheid werk om die maatskappy winsgewend te maak. Terwyl daar tans 'n paar uitdagings is wat oorkom moet word, is ons vol vertroue dat die ommeswaai op koers is en dat die Groep 'n winsgewende maatskappy sal word met stewige groeivooruitsigte, veral in die mynbousektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Ons wil graag ons mede-direkteure, bestuurspanne en werknemers bedank vir hul harde werk en toewyding onder baie moeilike omstandighede. Ons bedank ook ons kliënte, verskaffers, diensverskaffers, aandeelhouers en adviseurs vir hul volgehoue ondersteuning.

### *Opstellings en rekeningkundige beleid*

Hierdie verkorte verslag vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ('IFRS'), spesifiek IRS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die RE 500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad, die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (soos gewysig), en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk.

Met ingang vanaf die begin van die huidige finansiële jaar, het Buildmax 'n meer geskikte, aktiwiteitgebaseerde, waardeverminderingsmetode toegepas, wat gebaseer is op die werklike ure deur die mynboubates gewerk. Bestuur het konserwatief die reswaardes en nuttige lewensduur van alle items van eiendom, aanleg en toerusting hersien en dienooreenkomstig hierdie waardes aangepas na oorlegpleging met interne en eksterne kundiges in die bedryf.

Behalwe vir die verandering in die waardeverminderingsmetode en vir die toepassing van nuwe en hersiene rekeningkundige standaarde wat gedurende die finansiële jaar van krag geword het, is die belangrikste rekeningkundige beleide wat toegepas is deur die Groep in die verkorte gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 in ooreenstemming met dié wat toegepas is in die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010. Die geouditeerde finansiële state en ongekwalifiseerde verslag van die eksterne ouditeure, PKF (Jhb) Inc, is ter insae beskikbaar by die geregistreerde kantoor van die maatskappy.

### *Ramings en gebeurlikhede*

Bestuur maak ramings en aannames met betrekking tot oopgroefmynboukontrakte, voorsienings, eise, waardeverminderingsmetodes en residu waardes in die bepaling van die toekomstige verhaalbare bedrae van bates. Die gevolglike ramings en aannames kan slegs die werklike toekomstige resultate benader. Ramings en aannames word voortdurend geëvalueer en is gebaseer op historiese inligting en ander faktore wat as redelik beskou kan word onder die omstandighede.

### *Gevolglike gebeure*

Die Groep is in 'n gevorderde stadium om 'n transaksie te beklink waarvolgens Buildmax sy aandeelhouding in Benoni Sand and Buildware (Pty) Limited aan 'n konsortium onder leiding van Paul de Klerk sal verkoop. Hierdie verkoop is in ooreenstemming met oorkoepelende Groepstrategie.

### *Aanspreeklikhede*

Die Groep het voorwaardelike aanspreeklikhede ten opsigte van regseise wat in die normale verloop van bedrywighede ontstaan.

Daar word nie verwag dat enige wesenlike aanspreeklikhede uit die voorwaardelike aanspreeklikhede sal ontstaan behalwe dié  waarvoor voorsiening gemaak is nie.

| | | |
|---|---|---|
| **Colin Wood** | **Terry Bantock** | **Christie Els** |
| *Voorsitter van die Raad* | *Groep HUB* | *HFB* |

30 Mei 2011

**Direkteure:** C Wood (Voorsitter)*^; TP Bantock (Hoof Uitvoerende Beampte); CS Els (Hoof Finansiële Beampte); CB Brayshaw*^; MD Lamola*^; DJ Mack*; MW McCulloch*; BT Ngcuka*;
(*Nie-uitvoerende direkteur, ^ Onafhanklik)

**Geregistreerde kantoor:** Pretoria Weg 514 Fairleads Benoni (Postnet Suite 435, Privaatsak X108, Centurion, 0046)

**Borg:** Java Capital

**Ouditeure:** PKF (Jhb) Inc, Wierdaweg-Wes 42, Wierda Valley, Sandton, 2196

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Pty) Limited, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61763, Marshalltown, 2107)

**Maatskappysekretaris:** Probity Business Services (Pty) Limited



Maxx Corporate Communications©